higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N5

(Tweede Vraestel)

(4090315)

14 November 2019 (X-Vraestel)
09:30–12:00

OOPBOEKEKSAMEN

Sakrekenaars en VYF voorgeskrewe verwysingsbronne bestaande uit woordeboeke, handboeke en studentelêers met lesingnotas mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N5
(Tweede Vraestel)
TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord enige DRIE vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf jou eksamennommer bo-aan AL die ANTWOORDBOEKE wat voorsien word.
5. AL die vrae moet in die aangehegte ANTWOORDBOEK beantwoord word.
6. Punte sal NIE toegeken word as jy direk uit die handboeke oorskryf nie.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Tom Black is so pas deur PTY Company as 'n bestuurder aangestel. Jy word gevra om 'n salarispakket vir Tom Black saam te stel. Let op dat hy oor naweke, gedurende vakansies en oortyd gaan werk. Oorweeg ook alternatiewe voordele wat op die posisie van toepassing is.

2.1.1 Bereken die NETTO SALARIS betaalbaar aan Tom Black vir die maand Augustus 2018 aan die hand van die volgende inligting:

Jaarlikse salaris R420 000
Naweek- en oortydtarief R620 per uur
Hy het gedurende die maand 35 uur oortyd gewerk

Ander voordele:

a) Motortoelaag R5 000 per maand
b) Mediese fonds R3 500 per maand
c) Huistoelaag R2 500 per maand
d) Pensioenfonds R4 500 per maand)
e) Maaltydtoelaag R1 250 per maand (uitbetaal)
f) 3% kommissie op totale maandelikse verkope
g) Totale maandelikse verkope R780 000
h) Belasting betaalbaar vir die maand 28% van bruto salaris (10)

2.1.2 Bereken die byvoordele-bedrag wat bygevoeg is, maar nie aan Tom Black uitbetaal is nie. (4)

2.2 Mnr Tom Black, op sy eerste dag in sy nuwe pos, vertel al die werknemers van sy oogmerk: "Om te streef na die verbetering in gehalte en totale produktiwiteit." Met die oog daarop om dit te bereik , hoop hy om 'n atmosfeer te skep wat die motiveringsvlakke van die arbeidsmag (werknemers) sal verhoog.

In kolpuntvorm, noem VIER bestuursvaardighede en geen twee kenmerke van elke bestuurstyl wat Tom Black kan gebruik om hom te help om sy werknemers te motiveer. (4 × 4) (16)

2.3 Spanwerk is 'n belangrike faktor om sakedoelwitte te bereik, omdat dit onafhanklikheid bevorder, wat werkers se talent en vermoë om iets groots saam te skep, kombineer.

Hoe sal Tom Black die volgende individue of werknemers in die groep hanteer ten einde spanwerk en groepsdinamiek te bevorder?

2.3.1 Die oorheerser/oormatige prater

2.3.2 Die vermyder ('avoider/sidestepper')

Kopiereg voorbehou

2.3.3 Die vernederaar ('degrader')

2.3.4 Die teruggetrokke/skaam persoon

2.3.5 Die kantbewaarder ('side conservationist')

(5 × 4) (20)
[50]

VRAAG 3

3.1 Blue Land Kollege het Jenny Blue as 'n datategnikus opgelei. Sy is in beheer van die IT-departement in kollege. Sy het onlangs 'n gewoonte ontwikkel om nie werk toe te kom ná maandeinde nie. Haar optrede beïnvloed nou die personeel in haar departement asook die hele kollege negatief. Ondanks berading en waarskuwings, toon haar gedrag geen verbetering nie. Dit het daartoe gelei dat die bestuur haar afgedank het.

Ondersteun jy die stap om haar af te dank? (Motiveer jou antwoord in kolpuntvorm, hetsy ter ondersteuning van of teen die bestuur se optrede.)
(4 × 2) (8)

3.2 Sakeondernemings in Suid-Afrika moet seker maak dat hulle bewus is van die verskillende tipes regeringswetgewing wat hul werkplek beheer. Verduidelik die volgende wetgewing aan mnr Bash, wat beplan om 'n metaalonderneming in Umfolozi in Kwazulu-Natal te open:

3.2.1 Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid

3.2.2 Wet op Basiese Diensvoorwaardes

3.2.3 Wet op Arbeidsverhoudinge

3.2.4 Wet op Werkloosheidsversekering

(4 × 4) (16)

3.3 Die meeste ondernemings kry deesdae te doen met "krediet". Krediet word deur ondernemings gebruik as deel van klantediens om 'n mededingende voordeel te verkry, asook klantelojaliteit deur afhanklikheid.

3.3.1 Noem en verduidelik koste wat gepaardgaan met die verlening van krediet aan klante. (5 × 3) (15)

3.3.2 Gekwalifiseerde werknemers kan vanuit hetsy binne of buite die organisasie of onderneming gewerf word. Noem enige TWEE interne en DRIE eksterne bronne van werwing. (5)

3.3.3 Effektiewe beheer en bestuur is belangrik vir die sukses van enige onderneming of organisasie. Noem enige DRIE beheermetodes wat mnr Bash moet implementeer om te verseker dat sy onderneming vlot en effektief funksioneer. (3 × 2) (6)
[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Ekonomiese transformasie kan nie plaasvind nie tensy alle belanghebbers – regering, privaat sektor en individue in die samelewing – volle verantwoordelikheid vir die situasie aanvaar en ophou om 'n bepaalde groep of sektor in die land te blameer.

Bespreek die bostaande stelling onder die volgende opskrifte:

4.1.1 Proaktiwiteit

4.1.2 Begin met 'n doel in gedagte

4.1.3 Bepaal jou prioriteite

4.1.4 Die wen/wenkombinasie

4.1.5 Sinergie

(5 × 3) (15)

4.2 Groepsdinamiek kan 'n baie nuttige instrument wees om kommunikasie in die werkplek te bou en versterk. Soos Benjamin Franklin dit gestel het: "Tyd is geld". Daar is bepaalde rolle wat individue in die groepe speel wat tydsbestuur ondersteun en produktiwiteit bevorder.

Identifiseer die positiewe rolle wat sommige individue in die groep kan vertoon.

(5 × 2) (10)

4.3 Gewoontes is voortgesette en dikwels onbewustelike gedragspatrone wat uitdrukking aan ons karakter gee en ons effektiwiteit bepaal. Persoonlike motivering bestaan uit vier belangrike terreine waarna 'n mens moet streef.

4.3.1 Met verwysing na 'n praktiese voorbeeld, verduidelik hoe 'n entrepreneur hom/haarself kan motiveer. (4 × 4) (16)

4.3.2 Klante is 'n belangrike bate vir enige onderneming. Doen vier maniere aan die hand waarop ondernemings klantelojaliteit kan behou. (4 × 2) (8)

4.3.3 Water en elektrisiteit is voorbeelde van vaste koste. Waar of onwaar? (1)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Mary Juma is 'n N6-student in die Sake-en-Bestuursdepartement by Bamako TBOO-kollege. As deel van haar vereistes vir die Nasionale Diplomasertifkaat, werk sy deeltyds as vrywilliger vir 'n plaaslike NRO in Bloemfontein. Die program sal haar voorsien van ervaring in en blootstelling aan die sakeomgewing.

Jy word gevra om Mary Juma te help om 'n aanbieding aan die bestuur te doen oor die positiewe impak van die volgende direkte omgewingsfaktore op die projek.

5.1.1 Klante

5.1.2 Rentekoers

5.1.3 Mededingers

5.1.4 Regering

5.1.5 Internasionale omgewing

(5 × 4) (20)

5.2 Molefe Jackson is die nuwe eienaar van MJ Bookshop in Pretoria-Oos. Hy het sy kwalifikasie aan die Kollege van Uitnemendheid in Pretoria verwerf. Sy werkservaring sluit die volgende in: bestuurder van Billy Business in Pretoria, Hoof Uitvoerende Beampte van TBC Corporation in Springs, en onlangs, 'n direksielid van een van die toonaangewende vissery-ondernemings in die Wes-Kaap. Hy het 'n tender gewen om onderwysmateriaal aan al die skole in Pretoria-Oos te voorsien.

5.2 1 Noem hoe MJ Bookshop maatskaplik tot die welsyn van sy kliënte kan bydra. (5 × 2) (10)

5.2.2 Motivering is noodsaaklik vir hoë produktiwiteit. Verduidelik sewe metodes wat MJ Bookshop kan gebruik om sy werkers te motiveer. (7 × 2) (14)

5.2.3 Noem enige DRIE faktore wat MJ Bookshop in aanmerking moet neem wanneer hy 'n nuwe verskaffer vir sy onderneming kies. (3 × 2) (6)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou